# ’n Oorsig van

# Sanlam-Staptoerklub

## 1977 – 2002

**Saamgestel deur Manie Ackermann**

**Kom verken die land saam met ons –
ons doen dit al 25 jaar lank!**

## Staptogte, avontuurtogte, togtelekker

‘n Vinnige loer na die staptogte van die afgelope 25 jaar toon dat die klub wyd en syd gestap het – van Naukluft in Namibië tot Magoebaskloof in die noorde, die Transkeise Wildekus in die ooste, met die grootste konsentrasie van stappe om die tuisbasis in die Boland en omgewing.

Die gewildste keuses was die Sederberge waar ‘n verskeidenheid roetes 14 keer gestap is, Otter (10), Arangieskop (7), Tsitsikamma (7), Groot Winterhoek (6), Swellenbam (5) en die Visrivier (4). Die stappers het ook drie keer stewels vir roeispane verruil en in 1988, 1989 en 1993 geroei op die Gariep en ook in 1991 op die Breërivier.

Die syfers is egter nie ‘n ware weergawe van gewildheid nie omdat van die roetes nie in die begin bestaan het nie en roetes soos die Otter dikwels vol bespreek is. Boonop is die uitgereikte jaarprogramme wat nou as bron gebruik word nie betroubaar nie, omdat daar soms van die program afgewyk word. Ander gewilde roetes was ook baie ver en nie altyd binne bereik nie.

Ons lig graag die belangrikste staproetes van ons eerste 25 jaar uit:

## Weermag-helikopter red stapper

1977 Nuweberg na Jonkershoek: Die nuwe klub wy toerusting soos stofies, rugsakke en grondseiltjies in. Eerste besoek aan die Sederberge. Sewentien stappers met Niel Krige as leier, reën sopnat en verkluim byna en die motors reën oorkant die Dwarsrivier vas. Noodoproepe bring redding van die tuisfront. Drie dae daarna word die motors ook gered.

1978 Die klub ontdek die wonder van die Otter en is astrant genoeg om die Visrivier Canyon suksesvol maar kla-kla aan te durf. “Ski-naweek” in die sneeubedekte Sederberge.

1979 Sommer twee toere op die Otter – op die eerste een moes almal swem dat dit bars om die Bloukrans oor te steek! ‘n Byna legendariese toer langs die Transkeise Wildekus van Port St Johns na Zitulele via Hole-in the-Wall – altesame 100 km.

1980 Toer na die noordelike deel van die Transkei. ‘n Stapper verras almal met Paaseiers op die Outeniqua. Die eerste ernstige ongeval in die berugte Witelskloof. Jannie van den Berg skeur ligamente in een knie. Hy en Tonie Roux wat by hom agterbly, verduur twee koue nagte in gure weer voordat ‘n weermaghelikopter hulle oppik. (Die eerste en laaste keer tot dusver dat ‘n klublid so gered word.)

1981 Nuweberg na Franschhoek, weer in die Sederberge, kusuitstappie van Uilkransmond na Die Dam.

## Twee dra beseerde 7 km ver

1982 Die Staptoerklub en Sanlam se Hengelklub onderneem ‘n gesament=like uitstappie na Hermanus. Hottentots-Holland-voetslaanpad, Kaappunt, Boesmanskloof en Langebaan-natuurreservaat. Hoogte=punt – toer van ses dae langs die Doringriver noord van Clanwilliam. Besoek aan Bidouw-vallei met sy pragtige Namakwalandse blomme.

1983 Langeberg-voetslaanpad, Turretpiek in die Kouebokkeveld, Potberg-natuurreservaat, Otter, Wolfbergskeure in die Sederberge.

1984 Die jaar begin met teenspoed in die Riversonderendkloof. Met een van die groot spronge oor die klippe en poele gly Zenobia Marx en verrek haar kuitspier. Louis Fourie en Merven Mellet dra haar byna 7 kilometer deur poele en oor rotse. Stikdonker en baie koud. Zenobia is half bewusteloos toe die hoofbosboubeampte en vier helpers opdaag. Teen 1 vm. bereik hulle ‘n viertrekvoertuig. Twee spanne stap gelyktydig die Otter en Tsitsikamma – vergemaklik vervoerreëlings. Stap Tsitsikamma nog ‘n keer. Sederberge en Koue Bokkeveld .

## Gevriesde broek staan regop voor tent

1985 Die hoogtepunt – Drakensbergtoer van 10 dae saam met die Tygerbergse Afdeling van die Bergklub van Suid-Afrika. Miskoekvure, rooi oë en ‘n gevriesde broek wat regop voor ‘n tent staan. In hierdie jare het die twee klubs nou saamgewerk en was dubbele lidmaatskap nie ‘n uitsondering nie. Sederberge, Tsitsikamma en Outeniqua.

1986 Dertig stappers in die Visrivier Canyon. Deon Moller se vrou Elna rol hul Mazda 80 km van Ais-Ais. Stap fluks in vier dae en kuier twee dae by Ais-Ais. Langeberg (heet dit nou die Swellendam-roete?), Kobeerivier by Vanrhynsdorp. Vir die eerste keer word die vraag hard-op gestel: Waar’s die mans? Op die Jonkershoek-roete is drie mans en veertien vroue … en ‘n troppie elande! Wat het van hulle geword?

## Eerste kano-vaart op Oranje

1987 Altesaam 22 stappers stap die Outeniqua-roete van Witfontein na Diepwalle. Boesmanskloof en Swellendam-roete.

1988 Eerste kanovaart op die Oranje met Deon Moller as leier. Koste R400 vervoer ingesluit. Sederberge met daguitstappies na Wolfbergskeure, Maltese Kruis en Stadsaalgrotte. Verandering staan voor die deur. Gerrit Kritzinger waarsku: “Te min Sanlammers maak van die

geleentheid gebruik om in die vrye natuur te kom.” Klublede dra by tot Red die Swart Renoster-veldtog. Bydraes word aangevul uit klubfondse en R400 geskenk.

1989 Besluit op jaarvergadering: Buitelede word vanaf 1990 volwaardige lede van die Stapklub. Stap in bosse en rivierlope noord van Clanwilliam langs Kobee- en Kransgatriviere. Kanovaart op Oranje. Boesmanskloof.

1990 Daniel Rousseau lei die eerste Naukluft-stap in Namibie – minder as ‘n jaar nadat die roete amptelik geopen is. Afstand 120 km oor 8 dae. Die groep voltooi die roete in 7 dae deur laaste twee dae se afstande (28 km) in een dag te stap. Boosmansbos, Swellendam, Otter en Boesmanskloof.

1991 Eerste vaart met rubberbootjies op die Breërivier. Posberg-natuurreservaat, Fonteintjiesberg (Worcester), Swellendam, Otter en Tsitsikamma.

## In Zoeloe Jonas van Tonder se huisgrot

1992 Eerste lang toer na Transvaal om twee staproetes in Magoebaskloof te stap. Besoek Blyderivier en stap Korannaberg in Oos-Vrysaat waar ‘n ou Zoeloe met die naam Jonas van Tonder en sy Maleiervrou Lea nog in die begin van 1900 in ‘n huisgrot gewoon het. ‘n Boer Greyling het hom destyds in ‘n uitgebrande stat van Dingaan gevind en saamgeneem Vrystaat toe. Slaap in ons eie grot met 32 brandende kerse om koue te probeer keer. (Yvonne Truter wen met 8 lae klere en Amanda Matthee met 7 lae klere.) Tsitsikamma, Groot Winterhoek en Oorlogskloof volg.

1993 Weer ‘n kanovaart op die Oranje waar ons stroomversnellings soos Exterminator en Rock ’n Roll swem-swem leer ken. Sederberge, Groot Winterhoek. Outeniqua, Arangieskop en Grootvadersbos met skuilings waardeur strome water reën.

1994 Stappers word trappers en laat wiel met bergfietse in die Sederberge met Danie van Rooyen vooraan. 30 van ons stap saam met Visrivier-kenner Steph du Toit deur daai verdompde kronkelende canyon – maar almal wil weer terug! Op hierdie uitstappie herhaal die geskiedenis homself toe nog ’n Mazda rol (Melanie Meyer s’n) op pad van Hobas na Ai-Ais. Arangieskop, Genadendal.

1995 Ons slaan soos Scott van die Antartika tentjies op in die sneeu bo-op Matroosberg, skink ‘n heildronk met volmaan op Leeukop, kruip deur die grotte van Kalkbaai, en leer die foeterwoord vir die bulle by Die Hel in Groot Winterhoek. Sederberge, Swellendam, Boesmanskloof en sirkel soos duiwe om Houwhoek voordat ons koers kry teen Klein Houwhoekpiek uit.

## Knewel van pofadder stuit stapppers

1996 Eerste besoek oorsee – stap dwarsoor Robbeneiland en kyk na die Kaap met Madiba-oë. Richtersveld, Dassieshoek, Gamkaskloof (Die Hel) in die Swartberge waar verkluimde stappers die waarde van bulsakke leer ken (niks te make met die bulle van daai ander Hel nie). Sederberge, Attakwaskloof waar die olifante 'n pad oor die berg oopgetrap het, Tsitsikamma.

1997 'n Reuse-pofadder wag op die Amatola-voetpaadjie en gee eers lui-lui pad nadat hy almal goed deurgekyk het. Moes gedink het ons is OK. Eet groot wildspotjie by die Fish River Lodge in Namibië, kuslangs van Agulhas na Die Dam. Stap in die Sederberge en by Genadendal – 'n paadjie wat geen genade ken nie. Ter viering van ons twintigste verjaardag word 'n Voetslaan Expo in die AD Wassenaarsentrum gehou. (Sien Hoogtepunte.)

1998 Ons slaap in die hoogste oornaghut op 'n staproete in Suid-Afrika – Hooggenoeg (2 535 m) op die Ben MacDhui roete (3 001 m). Spore lê weer wyd – Springbokroete by Beaufort-Wes, Barrydale-canyon en die Swartberge, waar 'n grieperige paar lede saamsleep. Die klub skryf die eerste keer 'n span in vir die Boland 90 – drie van die vier lede haal die eindpaal. (Sien Hoogtepunte.)

1999 Arangieskop, Gifberg by Vanrhynskorp, Sederberge, toer na die Drakensberge, waar ons die dwalende Skot ontmoet en hoor dat ons knaend "munch", Oorlogskloof, Visrivier, Ontongskop by Tulbagh, Groot Winterhoek, Outeniqua en Harkerville en geen spore by die Breërivier want ons ry kano's. Ons span van drie mans en een vrou wen die mansafdeling en is ook algehele wenner in die Boland 90. (Sien Hoogtepunte.)

## Op die ronde kranse (?) van Sleeping Beauty

2000 Ons skop af met 'n stapwerkwinkel in die Skaiffe-sentrum in Kaappunt-reservaat. 'n Stuk of 30 stappers word baie slim. Nege ontembares oorwin die kranse en klowe van die weergalose Naukluft in Namibië – die klub se tweede besoek aan hierdie reservaat. Die toer is ontwrig deur oorstromings in dié gebied en moes uitgestel word – daarom kon net 9 stappers by die nuwe datum inval. Maar toe wys 'n tinktinkie-lid van Strydenburg, Anna-Yda Fourie, hoe 'n mens met kettings kan klouter. Kuier-kuier drentel ons daarna langs die Ooskus op die Strandloper-roete, maar lê tog sowat 60 km af. Toe wag die Sleeping Beauty by Riversdal. Menige man het daar trots op die ronde kranse (?) van dié skoonheid gestaan. Daarna die Sederberge, Swellendam en Salmonsdam.

2001 Die Karoo roep. Ons sien verstommende stroompies en watervalle op die Transkaroo by Middelberg en bestyg die Kompasberg by Nieu Bethesda - die tweede hoogste bergpunt in Kaapland. Die volgende dag oe! en aa! almal oor die dartelende sneeuvlokkies wat ons in die hut vaskeer. Daarna volg die Silhoeët-roete by Sutherland met sy imponerende sterrewag. Toer in Worcester rond en proe waar dit nodig was en toe swoeg ons weer oor die Attakwas en Bloupunt.

2002 Deur klowe, fynbos, oerwoud en hakea op die Doringrivier-wildernisroete - soms byna hande-viervoet! Suurpootjie in die Ceres-Karoo bewys daar is berge in daai vlaktes. Sederberge, Boesmanskloof, Gifberg, Arangieskop en die formidabele Amatola wag op ons.

## Hoogtepunte

### Ywerige voetslaners stig ’n klub

Vroeg in Januarie l977 besluit ‘n klompie geesdriftige Sanlammers om vas te stel of daar genoeg belangstelling op Hoofkantkoor is om ‘n voetslaanklub te stig. ‘n Voorlopige bestuur bestaande uit Louis Fourie, Hilda Truter, Andrew Keyser, Merven Mellet en Niel Krige word saamgestel.

Twee “toets-stappies” sou die geesdrif bepaal – die eerste een in die laaste naweek van Januarie van Grabouw na Sir Lowryspas, ‘n afstand van 30 km oor twee dae en die tweede op 19 Februarie in Jonkershoek. Albei uitstappies was ‘n reuse-sukses en op 10 Maart 1977 kom ‘n groot aantal belangstellendes in die CR Louw-teater byeen met Alec van der Vyver, voorsitter van die Sanlam Sportklub, en stig die Sanlam Staptoerklub.
Die eerste bestuur bestaan uit Louis Fourie (voorsitter), Merven Mellet (tesourier), Niel Krige, Kasper Jager en Hilda Truter as addisionele lede.

### Platvoet vir flukse pote

Die eerste 13 jaar ontvang staptoerlede hul nuus en inligting in nuusbriewe sonder ‘n amptelike naam. In September 1990 verskyn die naam “Platvoet” op die omslag van die afgerolde nuusbrief “om ons nuusbriewe op te kikker en ’n eie identiteit te gee”.

Net mooi ‘n jaar daarna, op 6 September 1991, kom Amanda Matthee met die nuwe Platvoet vorendag - ‘n modern uitgelegde nuusblad met illustrasies, foto’s en artikels. Twee jaar later, in Augustus 1992, voeg Amanda Klein Platvoet by. Die doel was om dit maandeliks uit te gee (behalwe in Janaurie en Februarie) met nuus oor komende staptogte en gebeure, terwyl Platvoet kwartaalliks sou verskyn as prestige-blad van die klub. Dit was tien jaar gelede en steeds behartig Amanda stokalleen en met groot sukses dié Platvoet wat die klub se lewensbloed is.

**1 000 stappers woon verjaardag by**

Op 10 Mei 1997 vier ons ons twintigste verjaardag met ‘n groot makietie en ’n Voetslaan Expo in die AD Wassenaar-sentrum. Deskundiges lewer praatjies, handelaars stel voetslaan- en kamptoerusting in stalleltjies uit, belangstellendes kuier in ‘n bier- en koffietuin, kundiges gee persoonlike raad – en meer as 1 000 stappers en belangstellendes vier saam met ons verjaardag.

**Vier kraai koning in Boland 90**

Die Boland 90 is ‘n strawwe kompetisie in die Bolandse berge. Spanne van vier lede elk van oral in die land neem daaraan deel. Binne drie dae moet die spanne 90 km oor berge en dale en deur riviere aflê. Maar meer as net fiksheid en uithouvermoë word getoets. Bergleierskap, kennis van fynbos en die natuur, navigasie, waarnemingsvermoë, noodhulp, spangees en beplanning is ook deur=slaggewend.

In l997 skryf die Klub die eerste keer ‘n span in. Drie lede - Riaan Cloete, Wynand Beukes en Mariana du Toit - voltooi die roete, maar omdat die vierde spanlid reeds die eerste dag uitgesak het, bly dit individuele prestasies.

Die volgende jaar – 1999 - is ons weer daar met ‘n span onder leierskap van Mariana du Toit. Die ander drie bestaan uit Franco van Vuuren, Abrie Marais en Gerhard Basson. Die volgende drie dae reën dit en bibber die Boland. Maar ons span stap, swem, gly en kruip oor die eindstreep en word as algehele wenner uit 45 spanne aangewys. Boonop wen hulle ook die mansafdeling waar 21 spanne ingeskryf het. Wat ‘n mens darem nie met ‘n man soos Mariana kan doen nie!

**Die Stapklub en Sportklub se huwelik verander**

Die Staptoerklub is gestig om “aan alle Sanlammers die geleentheid te bied om van die Nasionale Voetslaanpaaie gebruik te maak”. Soos die ander Sanlam-klubs – rolbal, rugby, sokker, netbal, ens. is die Staptoerklub ook lid van die Sportklub en onderhewig aan die Sportklub se reëls.

In die beginjare, toe Sanlammers die Staptoerklub oorheers het, was dit ‘n gelukkige huwelik. Soos ander klubs binne Sanlam, het ons ook subsidies ontvang wat duisende rande beloop het. Die Sportklub se administrasie het die jong stapklub boonop talle ergernisse bespaar met administratiewe hulp.

## Nuwe lewenskrag van buite Sanlam

Die Stapklub het geen ledegeld gevra nie en elke Sanlammer kon kosteloos lid van die klub wees. Die Stapklub was finansieel dus in groot mate aangewese op die Sportklub – veral met die vooruitbespreking en betaling van staptogte.

Algaande het minder Sanlammers deelgeneem en het al meer nie-Sanlammers begin saamstap, maar hulle kon nie volwaardige lede van die Stapklub word nie hoewel hierdie buitelede nuwe lewenskrag aan die Stapklub verleen het. Dit het nie net vir die Stapklub gegeld nie. In 'n verslag van die Sportklub is rondborstig verklaar dat "talle klubs in Sanlam kunsmatig aan die lewe gehou word deur buite-lede".

In billikheid teenoor sy ondersteuners het die Staptoerklub sy reglement op 'n jaarvergadering teen die einde van 1989 gewysig sodat nie-Sanlammers lede van die klub kon word, stemreg kon uitoefen en in die bestuur kon dien. Intreegeld is op R10 per persoon en jaarlikse lidmaatskap op R25 per jaar vasgestel.

## Toeganklik vir almal

Tans word geen onderskeid gemaak tussen Sanlammers en nie-Sanlammers nie en is "lidmaatskap toeganklik vir alle persone wat die doelstellings en die gedragskode van die klub eerbiedig en aan alle vereistes wat gestel mag word, voldoen".

Die hoofdoel van die klub is ook omskryf en is hoofsaaklik daarop gemik om "aan lede en besoekers van Sanlam-Staptoerklub die geleentheid te bied om die natuurskoon van ongerepte gebiede in Suider-Afrika te bewonder en te geniet en 'n liefde vir die natuur aan te kweek."

Eers in 1994 is Sanlam-lede die eerste keer gevra om 'n jaarlikse lidgeld te betaal, nl. 'n nominale R10 per jaar per persoon. Die doel was om van onaktiewe lede ontslae te raak en stadigaan eie finansies op te bou omdat subsidies gestaak is. Die Stapklub se ledetal het onmiddellik van 160 tot 70 gedaal.

## Klub groei tot selfstandigheid

Met hierdie geesdriftige kern het die Stapklub energiek verder tot selfstandigheid gegroei.

Nog reglementwysigings het dit moontlik gemaak dat 'n nie-Sanlammer as voorsitter kan dien wat teweeggebring het dat Amanda Matthee nou reeds sewe jaar die Stapklub met onderskeiding lei. Die klub staan nou ook finansieel op sy

eie bene danksy Mercia Meiring se arendsoog die afgelope agt jaar en verskeie fondsinsamelings.

Intussen het talle veranderinge ook in Sanlam-Sportklub ingetree. Só is die reglement gewysig om buitelede toe te laat onderhewig aan 'n sekere beperkende persentasie. Die proses van aanpassing is nog nie afgehandel nie en hoe die Sportklub sal voortbestaan word steeds bespreek. Dit is 'n ope vraag hoe lank die Stapklub nog onder die vleuels van die Sanlam-Sportklub sal bly en of die huidige naam, Sanlam-Staptoerklub, behoue sal bly.

**Ere-lidmaatskap**

Ere-lidmaatskap van Sanlam-Staptoerklub is aan die volgende toegeken:

- Louis Fourie – stigterlid en lid van die eerste bestuur
- Merven Mellet – stigterlid en lid van die eerste bestuur
- Niel Krige – stigterlid, lid van die eerste bestuur en later voorsitter
- Kasper Jager – stigterlid en lid van die eerste bestuur
- Hilda Truter – stigterlid en lid van die eerste bestuur
- Andrew Keyser – stigterlid
- Gerrit Kritzinger – 11 jaar bestuurslid waarvan 5 jaar as voorsitter
- Ederik Kritzinger – tesourier en 12 jaar bestuurslid
- Daniel Rousseau – 21 jaar bestuurslid waarvan 4 jaar as voorsitter

*(Indien ons per abuis iemand weggelaat het, stel ons asseblief in kennis. Skakel Amanda Matthee 021-9483869. Ons is trots op ons ere-lede en wil hul graag in gedagte hou.)*

**Bestuurslede met lang asems**

Die persoon wat die langste in die bestuur van Sanlam-Staptoerklub gedien het, is *Daniel Rousseau* (1978 – l998). Omdat dit albei datums insluit, het hy 'n skof van 21 jaar voltooi. Vier jaar hiervan was hy voorsitter van die klub.

Tweede op die lys is *Ederik Krtizinger* (l983 – l994) en *Amanda Matthee* (1991 – 2002), 'n tydperk van 12 jaar vir elkeen. Amanda, die huidige voorsitter, is ook die voorsitter met die langste dienstydperk naamlik 7 jaar. (*Gerrit Kritzinger* was 5 ½ jaar voorsitter.) Amanda is steeds vol ywer en innoverende idees. Dalk kom hier 'n rekord wat lank gaan staan.

Vierde is *Mercia Meiring* wat reeds 11 jaar dien waarvan 8 as tesourier en dit is die langste wat iemand nog die geldsake in die klub gedra het. Sy dien nog steeds en haar geld-oog is niks flouer nie – en wie weet?

Naas Amanda en Mercia is *Manie Ackermann* die persoon met die langste dienstydperk op die huidige bestuur, nl. 8 jaar.

**Hulle stap voor met spesiale hempies**

Sedert Januarie 1998 word elke kilometer wat elke staplid stap, noukeurig aangeteken want spesiale T-hemde word toegeken aan hulle wat 500 km en 1 000 km afgelê het. En soos die voorste lede nou stap, moet toekennings vir 2 000, 3 000 en 4 000 km vroegtydig beplan word. Priester George Smit hou die statistieke, daarom kan niemand verneuk nie. (Die km afstand verskyn tussen hakies. Dit is bereken tot 10 Junie net voor die Sederberge-uitstappie)

**1 000 km onder die stewels deur**
Mercia Meiring (1 853)
Manie Ackermann (1 393)
Amanda Matthee (1 363)
Hilda Tredoux (1 232)
George Smit (1 206)
Lynette Smit (1 192)
Yvonne Truter (1 000)

**500 km kafgedraf**
Steph du Toit (936)
Mariana du Toit (789)
Adri Snyman (601)
Franco J. van Vuuren (599)
Renske Snyman (599)
Johan Snyman (598)
Maureen Kolles (590)

**Hulle vat-vat aan 'n spesiale hempie**
Abrie Marais (499)
Matilda le Roux (484)
Beulagh Keulder (478)
Noeks Foreman (419)
John Foreman (407)
Charleen Pretorius (384)
Shireen Swain (374)
Ron Jacques (371)

## Bestuur in 25ste bestaansjaar

Voorsitter: Amanda Matthee
Ondervoorsitter: Steph du Toit
Tesourier: Mercia Meiring
Sekretaresse: Ilse Marais
Addisionale lede: Manie Ackermann, Charleen Pretorius en John Foreman

**Slotwoord van die voorsitter**

Ek gebruik graag hierdie geleentheid om dankie te sê aan elke stapper, bestuurslid, voetslaanpadeienaar, Sanlam-Sportklub, Sanlam en elke ander mens wat deur die jare bygedra het om van hierdie klub 'n sukses te maak. Ons is baie dankbaar om te kan sê dit gaan goed met klub. Een van die grootste redes hiervoor is ons nakom van die basiese reëls van stap – soos dat 'n groep bymekaar bly en dat jy 'n stap behoorlik moet reël. Maar belangriker nog is die entoesiasme, welwillendheid en verantwoordelikheid waarmee daar bygedra word tot die sukses van die klub.

Daar is 'n Chinese spreekwoord wat sê: "Een mens stap vinniger, maar twee stap verder." Ek dink die verhoudings en ervarings wat ons deur stap opgebou het, het ons verder op die pad van die lewe geneem as baie ander dinge.

Ek sê dus uit my hart uit dankie vir elkeen van julle se spesiale bydrae. Dit is hierdie onthou wat ons lewens soveel ryker maak.

Amanda Matthee
Voorsitter: Sanlam-Staptoerklub

NOTA: Hierdie inligting is saamgestel uit vorige notules en verslae. Indien daar foute of ontbrekende inligting is, bring dit asseblief onder ons aandag sodat ons ons inligting kan bywerk.